**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 3580/1999

In die saak tussen:

**L L E DE LANGE** Eiser

en

**MINISTER VAN VEILIGHEID**
**EN SEKURITEIT** Eerste Verweerder
**NICO SMIT** Tweeede Verweerder
**A C DU PREEZ** Derde Verweerder
**MINISTER VAN JUSTISIE** Vierde Verweerder
**NASIONALE DIREKTEUR VAN**
**OPENBARE VERVOLGINGS** Vyfde Verweerder
**ANDRé DU TOIT** Sesde Verweerder
**JOSEPH F VAN WYK** Sewende Verweerder
**IZAK J VAN DER MERWE** Agtste Verweerder
**VIERFONTEIN ONTWIKKELINGSGROEP** Negende Verweerder

---

**UITSPRAAK:** KRUGER R

---

**AANGEHOOR OP:** 9, 10, 11, 12 September 2004; 12 Januarie 2004; 10, 11, 12 Augustus 2004; 6 Oktober 2004

---

**GELEWER OP:** 29 OKTOBER 2004

---

[1] Hierdie is ‘n aksie vir skadevergoeding weens kwaadwillige vervolging. By die aanvang van die verrigtinge is *quantum* en meriete geskei ingevolge Reël 33(4) van die eenvormige hofreëls. Hierdie uitspraak handel slegs met die meriete van eiser se eis.

[2] Die verweerders kan breedweg in drie kategorieë ingedeel word:

**A. <u>DIE POLISIE</u>**

2.1 Die Minister van Veiligheid en Sekuriteit (Eerste Verweerder)

2.2 Inspekteur Nico Smith (Tweede verweerder)

2.3 Inspekteur A C du Preez (Derde Verweerder)

**B. <u>DIE VERVOLGINGSGESAG</u>**

2.4 Die Minister van Justisie (Vierde Verweerder)

2.5 Die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging (Vyfde verweerder)

2.6 Advokaat A F du Toit (Adjunk Direkteur van Openbare Vervolgings, Bloemfontein) (Sesde verweerder)

**C. <u>DIE PLAASLIKE GEMEENSKAP TE VIERFONTEIN</u>**

2.7 Mnr J F van Wyk (Voorsitter van die Vierfontein Ontwikkelingsgroep) (Sewende verweerder)

2.8 Mnr I J van der Merwe (Lid van die gemeenskap; daar was geen betekening op hom nie en die saak het nie teen hom voortgegaan nie) (Agtste verweerder)

2.9 Vierfontein Ontwikkelingsgroep (Bestuursliggaam van die ou koolmyn Vierfontein) (Negende verweerder)

[3] Ná vier dae van die verhoor is op 12 Januarie 2004 die eis teen die vierde, vyfde, sesde en sewende verweerders teruggetrek. Die saak het toe slegs teen die eerste, tweede en derde verweerders (die polisie) voortgegaan.

[4] In sy besonderhede van eis beweer die eiser dat die verweerders die regsproses onregmatiglik en kwaadwilliglik

teen hom in werking gestel het. Die eiser is op 6 Oktober 1998 in die streekhof, Kroonstad onskuldig bevind en ontslaan op 'n diefstal klagte. Hierdie verrigtinge is na aanleiding van daardie ontslag ingestel.

**AGTERGROND**

[5] Die eiser was predikant in die N G Kerk Vierfontein van 1984 tot November 1996. In 1876 het Evkom opgehou om krag by Vierfontein te produseer. Dit het die koolmyn daar beïnvloed, produksie het verminder en mense het weggetrek en die gemeente in Vierfontein-Noord het begin leegloop. Daar was 'n dorpsuitleg van omtrent 96 huise, verder was daar kampongs, werkswinkels, woonstelle en dies meer. Die kerkraad het toe die koolmyn, dorp en omgewing, bekend as Vierfontein-Noord gekoop van Armcole maatskappy. Die kerk het toe mense na Vierfontein-Noord probeer lok, en huise in die dorp in die mark gesit. Die dorp is as deeltitel geregistreer en die bestuursliggaam daarvan was die Vierfontein Ontwikkelingsgroep (die negende verweerder).

Buite die dorp was twee kampongs, die Wes-kampong, 'n

baie ou kompleks en die Oos-kampong, ‘n moderne kompleks. Die Wes-kampong is relevant vir hierdie saak.

[6] Met die oorname van die dorp deur die kerk, het die Wes-kampong leeg gestaan. Dit was reeds in 1985/1986 ontruim. Daar was ‘n stuk oop veld tussen die kampong en die verbypad en dit het hom aan vandalisme en plundery blootgestel. Sinkplate en ander toerusting is helder oordag weggedra. Die kampong was minstens 50 jaar oud, bouvallig, verroes en vervalle.

[7] Die bestuurskomitee het bekommerd begin raak oor die plundery, en op 27 April 1992 besluit dat die goedere verkoop word.

**CHRONOLOGIE VAN RELEVANTE GEBEURE**

[8] Die volgende gebeure en datums is relevant:

**27 April 1992**

Op hierdie datum is ‘n vergadering gehou van die Vierfontein Bestuurskomitee. ‘n Klousule van die notule van daardie vergadering waarna telkens verwys is, was klousule 6.10 wat soos volg lees:

> “H Verster versoek dat kookpotte en inhoud van kampongs op tender uitgesit word. Wes kampong – goedgekeur dat hulle verkoop word teen beste prys verkrygbaar. Oos kampong – vergadering sal weer besluit.”

Die diefstal klagte waaroor dit in die relevante verrigtinge gegaan het, het betrekking gehad op goedere van die Wes-kampong en die eiser se saak was in ‘n groot mate daarop gebaseer dat die notule van hierdie vergadering bevestig dat goedere van die Wes-kampong verkoop kon word teen die beste pryse verkrygbaar. Sy saak is dat dit is wat hy gedoen het en dat hierdie notule tot die beskikking van die polisie en vervolgingsgesag was en dat die instel van die vervolging dus nie geregverdig was nie.

**4 Junie 1994**

Datum waarop massastoompot, twee staaltafels en twee wasbakke uit die Wes-kampong verwyder is en verkoop is aan mnr Vercueil vir R2 000,00. Eiser is in die streekhof aangekla van diefstal van hierdie items en ontslaan.

**9 Januarie 1996**

Mnr Vercueil koop drie dakwaaiers vir R1 091,00.

**1 Julie 1996**

Datum waarop klagte gelê is by polisie deur mnr J F van Wyk, namens die Vierfontein Ontwkkelingsgroep as eienaar. Daarin word gekla oor die diefstal van dakwaaiers, steenkoolstofies en vermeld dat die items in die omgewing van R 8000,00 werd is (A1 in polisie dossier).

**15 Julie 1996**

Waarskuwingsverklaring deur eiser. Hy het geen weergawe oor 'n klagte gegee nie, maar gekla oor sy behandeling deur tweede en derde verweerders.

**16 Julie 1996**

Datum van verskyning in hof te Vierfontein en arrestasie. Dit blyk uit die getuienis van die tweede en derde verweerders dat eiser slegs gearresteer is omdat dit die prosedure was om hom deur die Hofboeke te sit en dat hy nooit toegesluit was nie. Hy het by die polisiebeamptes in die hof gesit. Hy was dus wel onder arres, maar daar was geen vryheidsbeneming nie, omdat hy in elk geval moes wag vir sy saak om in die hof geroep te word.

**1 Augustus 1996**

Verklaring van ondersoekbeampte – tweede verweerder – na afhandeling van ondersoek waarin die getuienis in die saak opgesom word en waarop eiser grootliks steun, vir sy eis

teen die eerste, tweede en derde verweerders. Eiser sê dat hierdie opsomming op plekke feitelik verkeerd is, en dat gelade woorde gebruik word.

**16 Augustus 1996**

Klagtes teen eiser teruggetrek deur senior staatsaanklaer, Kroonstad.

**20 Augustus 1996**

Brief van die senior staatsaanklaer, wat op versoek van die negende verweerder, haar redes gee vir haar beslissing om die saak terug te trek. Die brief beslaan drie bladsye en volledige redes word deur me Tredoux gegee, wat ook geroep was as getuie deur die verweerders.

**23 September 1996**

Mnr Davids, die senior staatsaanklaer te Kroonstad, skryf 'n

brief aan die Prokureur-generaal en vermeld dat die gemeenskap ontevrede is en dat die dossier aan die Prokureur-generaal voorgelê word vir beslissing oor die vervolging.

**27 September 1996**

Advokaat Landman, namens die Prokureur-generaal, rig 'n navraag aan die polisie waarin besonderhede gevra word i.v.m. sekere aspekte van die dossier.

**24 Januarie 1997**

Prokureurs Claassen en Claassen, namens die Vierfontein Ontwikkelingsgroep – negende verweerder – antwoord op die navrae van die Prokureur-generaal. Dit blyk dat die ondersoekbeampte, inspekteur Smith – die tweede verweerder – daardie navraag deurgegee het aan hulle ten einde dit te kan beantwoord. Die prokureurs het hul antwoord direk aan die Prokureur-generaal gestuur.

**4 Maart 1997**

Die ondersoekbeampte, tweede verweerder, skryf ‘n antwoord op die navrae aan die Prokureur-generaal wat hy self hanteer. Hy sluit die brief soos volg af:

> “Die dossier gaan hiermee. Hoop dat die dokumentasie u goedkeuring wegdra en dat daar ‘n suksesvolle vervolging ingestel kan word.”

**14 April 1997**

Die Prokureur-generaal skryf aan die senior staatsaanklaer, Kroonstad en gee opdrag dat die eiser vervolg moet word en gee besonderhede van die klagtes:

> “L L E de Lange moet egter in die streekhof vervolg word weens diefstal van die massastoompot, die staaltafels en die staalwasbakke. Alternatiewelik tot hierdie aanklag moet ‘n klag van diefstal van R2000,00 kontant gevoeg word.

> Alhoewel die NG Kerk Vierfontein die eienaar van die Wes-Kampong is, en eienaar van die meerderheid van eenhede in die skema is, het De Lange geen mandaat of magtiging gehad om die vermelde items te verkoop nie."

**11 September 1997**

Senior staatsaanklaer Prinsloo skryf 'n navraag aan die Prokureur-generaal en bevraagteken die vervolging.

**6 Oktober 1997**

Die Prokureur-generaal skryf 'n brief aan die senior staatsaanklaer en bevestig dat vervolging moet plaasvind op die basis wat in die vorige brief uiteengesit is.

**6 Oktober 1998**

Eiser word aangekla in die streekhof te Kroonstad en ontslaan aan die einde van staatsaak.

**GETUIENIS**

[9] Die eiser het getuig, sy vrou, Dr de Villiers (wat ook op die bestuurskomitee was), Mnr Vercuiel, eiser se swaer wat die items wat die onderwerp van die diefstalklagtes was, gekoop het, Mnr Nelson, wat oor die waarde van 'n nuwe stoomketel soos wat Vercuiel gekoop het, getuig het.

[10] Namens verweerder het tweede en derde verweerders getuig, sowel as Me Tredoux (wat destyds geweier het om eiser te vervolg in haar hoedanigheid as senior staatsaanklaer) en Kpt Bruwer, wat in bevel van tweede en derde verweerders te Vierfontein was.

[11] Die saak berus grotendeels op 'n beoordeling van tweede verweerder se optrede, soos blyk uit sy verklarings en kruisondervraging.

**PLEITSTUKKE EN GESKIL**

[12] Nadat eiser se eis teen almal behalwe die eerste tot derde verweerders teruggetrek was, was die enigste vraag of enige van daardie verweerders aanspreeklik is teenoor eiser, en spesifiek of die tweede verweerder, wat die ondersoekbeampte was, meer gedoen het as wat van hom verwag sou word en of hy tot dien mate die vervolging bevorder het dat hy aanspreeklik gehou sou word in 'n aksie vir kwaadwillige vervolging.

[13] In die eiser se besonderhede van eis word die volgende bewerings gemaak t.o.v. die tweede en derde verweerders:

"11.1 tweede en/of derde verweerder het gedurende die periode vanaf ongeveer **4 Julie 1996 tot 6 Oktober 1998** en te die distrik VIERFONTEIN onder andere die volgende handelinge verrig:

11.1.1.1 deur 'n vals klagte van diefstal teen eiser te lê;

11.1.1.2 deur 'n vals beëdigde verklaring in verband met die gemelde klagte af te lê te VIERFONTEIN op of omtrent **1 Augustus 1996**;

11.1.1.3 deur vertoë **<u>alternatiewelik</u>** 'n motivering aan vyfde en

sesde verweerders te rig met die doel om hulle te oorreed om voort te gaan met die vervolging van die eiser op gemelde klagte;

11.1.1.4 deur te versuim om inligting waaroor hulle beskik, aan vyfde en sesde verweerder voor te lê wat eiser se onskuld staaf;

11.1.1.5 deur te versuim om beëdigde verklarings van getuies te neem wel wetende dat sodanige getuies se getuienis sal aantoon dat eiser onskuldig is met betrekking tot die gemelde klagte;

11.1.1.6 deur persone te probeer oorreed en druk op hulle uit te oefen om vals beëdigde verklarings af te lê waarin eiser inkrimineer word met betrekking tot die gemelde klagte;

11.1.1.7 deur valslik aan getuies voor te doen dat vyfde verweerder nie tevrede is met verklarings deur hulle afgelê nie en sodanige getuies te dreig met vervolging indien hulle nie gewysigde verklarings sou aflê waarin eiser inkrimineer word nie;

11.1.1.8 deur 'n persoon te probeer oorreed om 'n vals beëdigde verklaring wat reeds vooraf opgestel was, af te lê in stryd met inligting aan hulle verskaf en waarin eiser inkrimineer word;

11.1.1.9 deur vals inligting aan die Staatsaankler KROONSTAD te

verskaf en vals getuienis af te lê in die Streekhof KROONSTAD op of omtrent **4 Augustus 1998**;"

**EISER SE GETUIENIS**

[14] Eiser het getuig dat kleiner items van dag tot dag verkoop is. Groter items is in die wandelgange bespreek. Die prys is bepaal deur die aanbod wat die koper gemaak het. Die items wat verkoop is, was skroot, afvalyster. Verskeie items in die Wes-kampong is op 'n deurlopende basis verkoop. Verslag daarvan is nie in die notule gedoen nie, maar in finansiële state.

[15] Mnr Nick Vercueil, eiser se swaer, het 'n aanbod van R2 000,00 gemaak vir 'n stoompot, wasbakke en staaltafels. Sy aanbod is aanvaar en hy het op 4 Junie 1994 R2 000,00 by die dorpskantoor inbetaal waarvoor 'n kwitansie aan hom uitgereik is. Hierdie verkoping was die onderwerp van die diefstalklagte waarop eiser vervolg en ontslaan is op 6 Oktober 1998.

[16] Die aanvanklike klagte gelê deur die klaers, Van der Merwe en Van Wyk (A1 en A2 in die Polisiedossier) op 24 Junie 1996 en 1 Julie 1996 verwys na dakwaaiers en steenkoolstofies wat in Januarie 1996 verwyder is (6 maande tevore).

[17] Vercueil het in Januarie 1996 met 'n tjek (R1 091,00) betaal, en in Junie 1994 R2 000,00 kontant. Inbetaling van die kontant kon nie opgespoor word nie, hoewel 'n kwitansie uitgereik is. Gevolglik was daar 'n diefstalklagte ten opsigte van die 1994-items, met 'n alternatiewe klagte van diefstal van R2 000,00.

[18] Me de Lange, die eiser se vrou, het getuig oor die inbetaling van die R2 000,00 kontant. Sy het getuig dat omdat mnr Vercueil voorheen 'n huurder was, het sy per abuis die R2 000,00 in die boeke ingeskryf onder "Huurgeld". Daarom verskyn die R2 000,00 nie onder verkope nie. Wat die bankdeposito betref, toon die deposito-strokie die onderskeie tipes note wat gebruik is. Met haar toeligting kon mens sien

dat die R2 000,00 deur Vercueil betaal, inderdaad in die bank inbetaal is.

[19] Die gebeure na die instel van die hofverrigtinge teen eiser is van belang. Op 22 Julie 1996 (nadat die eiser op 16 Julie 1996 in die hof te Vierfontein verskyn het) vergader die bestuurskomitee, en die volgende word genotuleer:

> "6.7 Hofsaak en hofkostes. Ds. De Lange vestig die aandag op die bestuursreëls bladsy 6.12.1 (dit is van die deeltitel se bestuursreëls) na aanleiding van 'n saak wat teen hom geopen is. Hy stel dit dat hy die uitvoering gegee het aan 'n besluit van die Raad soos genotuleer. Dit was nie 'n *mala fide* handeling wat in sy persoonlike hoedanigheid uitgevoer is nie. Dr. De Villiers sê dat ons almal as Raad betrokke is by die saak. Die vergadering is eenstemmig. Toppie van der Linde voeg by dat ds. De Lange net nie 20 advokate moet kry nie. Toppie van der Linde wil in sy persoonlike hoedanigheid graag 'n regsopinie kry en het 48 uur tyd om dit te doen."

[20] Eiser getuig dat Van Wyk, die sewende verweerder, wat die klagte by die polisie teen hom gelê het, eers in November

1996 ‘n trustee van die beheerliggaam geword het. Van Wyk kla oor items wat na bewering in Januarie 1996 gesteel is, lank voordat Van Wyk ‘n trustee geword het.

[21] Aan die einde van 1996 is die eiser saam met ander lede uitgestem en vervang deur ‘n nuwe bestuurskomitee.

[22] Eiser is deur Advokaat van Rhyn gevra of daar enigiemand was wat hom te na gekom het. Daarop het hy geantwoord dat die groep van ses hom te na gekom het, maar dit is baie moeilik om dit in ‘n Hof te bewys. Hy het gesê die groep van ses bestaan uit: 1. Mnr Toppie van der Linde; 2. Mnr Oosthuizen; 3. Mnr Izak Nothling; 4. Mnr Coetzee; 5. Mnr Tienie Britz. Hy kon nie die sesde persoon se naam onthou nie. Hy het gesê hulle is ook die ses persone wat na die Ring van die N G Kerk gegaan het en ‘n klag teen hom by die Ring gelê het. Die eiser is gevra of die groep van ses ‘n vendetta teen hom gevoer het waarop hy gesê het: “Ja tot ‘n mate”. Daardie groep van ses het persoonlik kontak gemaak met die Ringskommissie, maar die eiser het gesê dit was

moeilik om te bewys dat hulle die Ringskommissie beïnvloed het. Hy sê die groep van ses het mnr Van der Merwe gebruik om die strafsaak teen hom te voer.

Die eiser is ook ondervra oor sy onderhoud toe sy waarskuwingsverklaring geneem is deur konstabel Smith. Hy sê dat dit ‘n lang ondervraging was. Hy sê hy is nie van die klagtes meegedeel nie en hy sê dat hy ongelukkig was en gebelgd gevoel het soos geblyk het uit verskeie inskrywings wat hy op daardie verklaring gemaak het. Hy sê die derde verweerder, adjudant Du Preez, was saam met Smith teenwoordig en dit was ‘n seun wat hy gekatkiseer het. Hy het die gevoel gekry dat hulle hom wil benadeel.

[23] In kruisondervraging, namens die vervolgingsgesag, is die volgende aan hom gestel:

“Verstaan u dat die Prokureur-generaal handel op inligting voor hulle?” waarop hy geantwoord het: “Ek het dit nie tot vandag toe geweet nie”.

[24] In kruisondervraging namens die sewende verweerder, deur Advokaat Horn, is eiser gevra hoe die sewende verweerder

regsproses misbruik het, maar hy kon nie ‘n direkte antwoord gee nie. Hy sê dit dui op ‘n kringloop van Van Wyk na die bestuurskomitee om die saak te bevorder. Hulle was ‘n party tot die vervolging, het hy getuig. Dit is aan hom gestel dat die eintlike klaer teen hom die komitee (negende verweerder) was waarop die eiser geantwoord het dat hy nie weet nie.

[25] Advokaat S Reinders, namens negende verweerder, het aan eiser gestel dat die uiteindelike klagte wat teen die eiser gevoer is, nie een was ten opsigte waarvan die klagte deur die negende verweerder gelê was nie en het gesê om daardie rede kon die negende verweerder nie aanspreeklik gehou word nie. Die hele regsprosedure moet as een geheel gesien word en die identiteit van die besondere klagtes waarop die eiser moes teregstaan, is nie van soveel belang nie. Die vervolging is begin en daar is stappe daaroor gedoen. Hoe die werklike klagtes op die einde geformuleer word, is nie voorsienbaar aan die begin nie. Die punt is dat die proses begin word en die res vloei daaruit

voort. Hierdie aspek het ook nie verdere aandag geniet in die verrigtinge nie, veral ook natuurlik omdat die negende verweerder ook uit die prentjie verdwyn het.

**DR DE VILLIERS**

[26] Dr de Villiers het getuig dat tweede en derde verweerders hom gedurende Junie 1996 besoek het. Tweede verweerder het ‘n vooraf-voltooide verklaring gehad wat hy gevra het Dr de Villiers moet teken. De Villiers het geweier omdat die inhoud daarvan nie korrek was nie. Hy is nooit later deur die polisie gevra om ‘n verklaring te maak nie. Hy het nie geweier om ‘n verklaring te maak nie, hy het net geweier om die vooraf-voorbereide verklaring te teken omdat die feite daarin nie korrek was nie.

[27] Dr de Villiers was ‘n goeie getuie. Hy het op ‘n nugter en objektiewe wyse sy relaas gegee. Hy het geen geheim daarvan gemaak dat hy die eiser goedgesind was nie. Hy het duidelik kennis van die werking van die korporatiewe wêreld. Vandaar sy besorgdheid oor moontlike

aanspreeklikheid van al die lede van die bestuurskomitee soos wat blyk uit die resolusie van 22 Julie 1996. Ek het geen huiwering om sy weergawe oor die besoek van tweede en derde verweerders aan hom, te aanvaar bo hulle weergawe nie. Ek bevind dat tweede verweerder inderdaad 'n vooraf opgestelde verklaring aan De Villiers voorgelê het en hom versoek het om dit te teken. Smith se getuienis dat hy nie eers weet of hy die polisiedossier by hom gehad het nie, vind ek uiters onwaarskynlik en verwerp dit.

**DIE ONDERSOEKBEAMPTE SE VERKLARING**

[28] Die belangrikste bewerings teen die eerste tot derde verweerders spruit uit die ondersoekbeampte se verklaring wat hy gemaak het op 1 Augustus 1996 by die voltooiing van sy ondersoek. Onder meer maak hy die volgende uitlatings en ek verwys hier spesifiek na die gedeeltes wat mnr Danzfuss sê daarop dui dat die tweede verweerder meer gedoen het as om die feite objektief voor te lê:

“Ek het verskillende / verskeie verklarings geneem van persone, wat beweer dat hulle ‘n ene Mnr de Lange en sy seun, op verskeie geleenthede betrap het waar, hulle eiendom wat aan Vierfontein Deeltitel behoort verwyder het, met die verskoning dat Mnr de Lange, die predikant van die dorp en lid van die Trustees (Deeltitel) is.”

“My ondersoek het my na Volksrust dorp geneem, waar ek ‘n ene Mnr N.J. Vercuiel by sy slaghuis opgespoor het. Ek het die persoon volgens die regte voorskrifte gewaarsku, dat ek ondersoek doen na beweerde klagte van diefstal en/of bedrog, waarop hy my na die items geneem het, wat hy vanaf die predikant gekoop het, nadat hy saam met die predikant Ds. De Lange die goedere verwyder het, op 1996-01-29. Ek het die artikels waarvan die getuies in hulle verklarings melding maak gesien, wat behels het die volgende (1) 3 x “extractor fans” met “canopys”, (2): 1 x massastoompot (3 kompartemente). Mnr Vercuiel het dienooreenkomstig ‘n verklaring aan my afgelê, waarin hy erken dat hy bogenoemde items by Ds. de Lange gekoop het en hy het ook van 2 x stainless steel tafels en 2 x wasbakke melding gemaak. Mnr Vercuiel het aan my ‘n kwitansie gegee, met datum 1994-06-04 no 3544 en ‘n tjekteenblad gedateer 1996-01-29. Die bedrag ter sprake op die

kwitansie is R2000-00 kontant vir die 1 X massastoompot, 2 x staaltafels en 2 staalwasbakke. Op die tjekteenblad, word duidelik uitgespel dat R1091-00 betaal is vir waaiers vir sy fabriek. Op die kwitansie word slegs van toerusting melding gemaak en die items word nie gespesifiseer nie."

"Ek het aan Mnr. De Villiers genoem, dat in die notules van April 1994, daar wel sprake gemaak is van herwinning by die Wes-Kampong, waarop hy geantwoord het dat dit die besluit was van die Trustees, om die items te verkoop. (Aangeheg sien bl 383 HAT Woordeboek – herwin A 44). My submissie is dat die Voorsitter van die Ontwikkelingsgroep – Deeltitel, die aksie waar die items deur Ds. De Lange, sonder toestemming verkoop is probeer regstel deur verskeie afleidings te maak. Voorts is my submissie dan ook dat, die feit dat daar tweespalk in die geledere van die Trustees is, verdag voorkom. In die Beeld Koerant, het ds. de Lange ruiterlik erken, dat Vierfontein-Noord 'n Volkstaat is. (Sien A52) Dit is dan ook een van die redes, hoekom daar tweespalk in die geledere van die Trustees, asook inwoners van die dorp is. Sekere lede van die Trustees, asook inwoners van die dorp, distansieër hulle dan ook van die uitlatings. By my as ondersoekbeampte ontstaan die vraag: "Wie of wat is dan die oorsaak van die tweespalk in die geledere

van die Trustees, asook inwoners van die dorp?"

"Ek het die Inkomste en Uitgawe state bekom, van die datum waarop die kwitansie met no 3544 vir R2000-00 kontant uitgemaak is. Die R2000-00 in kontant, is nie inbetaal op albei state van Junie en Julie 1994 nie en tog is daar 'n kwitansie uitgereik."

"In Mnr. Van der Merwe se verklaring, maak hy melding dat hy 'n Mnr P. de Lange, die predikant se seun gesien het, terwyl hy die steenkoolstofies verwyder het. Toe Mnr. Van der Merwe hom konfronteer, het Mnr. De Lange gesê, dat sy pa toestemming gegee het tot die verwydering van die stofies. Weereens, word daar glad nie melding gemaak, op enige notule, waar toestemming verleen is tot die neem en verkoop van die stofies nie. Ek moet voorts noem, dat mnr Vercueil die predikant, Ds. de Lange se swaer is. Dit wil vir my blyk, of daar 'n besluit geneem is wat nie genotuleer is nie, vir persoonlike gewin. Met ander woorde, die ds. het nie Bona Vide opgetree nie, want dit blyk dat hy Mnr. Vercueil, sy swaer wil bevoordeel deur die transaksie."

"Volgens Mnr. De Villiers, word die meeste items wat verkoop word, se prys gedeel deur 2, om die prys van die item te bepaal. Die besluit kom duidelik na vore, in die notule van Augustus 1995, waar die verkoopprys die helfte van die oorspronklike prys

is. Nou ontstaan die vraag? Waarom 3x “extractor fans”, 1x massastoompot, 2x tafels en 2x wasbakke verkoop vir R3091-00 waar die vervangingswaarde R45000-00 beloop. Dit is dan beleid volgens die notules, dat die verkoopprys die helfte van die oorspronklike koopprys moet wees.”

“Alle verklarings wat afgelê is deur die Trustee-lede, sê uitdruklik dat daar geen besluit geneem word op grond van beginsel nie, met ander woorde, daar bestaan geen mandaat by die Trustee om slegs items te verkoop na willekeur, sonder dat daar toestemming verleen is.”

“Ds. De Lange is wel ‘n Trustee en die predikant van die kerk, maar hy opsigself het geen volmag om bates wat aan die Regspersoon behoort te verkoop, sonder die toestemming van die Trustees nie. Voorbeeld : ‘n Stasiekommissaris in die SAPD kan nie na willekeur bates wat aan die Staat behoort verkoop en nadat die transaksie voltooi is, die geld aan die Staat teruggee en aan die Staat ‘n verduideliking aanbied, dat hy as Stasiekommissaris volmag het oor bates op sy perseel en hy alleenlik kan toestemming gee tot vervreemding. Toestemming vanaf hoër gesag tydens ‘n vergadering, waar so ‘n voorstel gesekondeer is, is noodsaaklik indien bates behorende aan die

Staat verkoop word (Verwys na Staatsveilings). Die predikant, ds. De Lange, word deur die gemeente aangestel. Die Kerkraad stel dan immers die leraar aan om hul belange te beskerm, veral ten tye van vergaderings gehou deur die Trustees. Nêrens in die Bestuursreëls Vierfontein Ontwikkelings Groep word daar melding gemaak dat ds. de Lange volmag het om sekere van die bates behorende aan Vierfontein Deeltitel te vervreem nie. Die notules is duidelik ten opsigte van die bewoning van die Wes-Kampong. Op verskeie stadiums in die notules is daar selfs sprake gemaak van huur wat gehef is van persone wat woonagtig is by die Wes-Kampong. (Sien A 8 punt 6.3 asook A 18 punt 3.1) Die notules is baie duidelik dat daar uitdruklik melding gemaak word van OF die herwinning OF die stoor van items by die Wes-Kampong."

"Op 1996-07-15 om 13:00 het ds L.L.E. de Lange my kom sien by die Polisiestasie te Vierfontein, waar ek die klagtes aan hom gestel het. Ek het voorts ook die bedrag ter sprake aan hom bekend gemaak en hy het aan my gesê dat dit belaglik is om die prys in terme van vervangingswaarde neer te lê. Dit wil vir my voorkom asof die predikant dubbele standaarde handhaaf, want die Bestuursreëls Vierfontein Ontwikkelings Groep sê duidelik dat alle geboue wat aan die gemeenskaplike eiendom behoort

verseker moet word vir die volle vervangingswaarde van die eiendom (sien A 42 Bestuursreëls Vierfontein Ontwikkelings Groep punt 17.1). Ek het ds. de Lange gewaarsku in terme van artikel 25 van die Grondwet: Wet 200/1993 dat hy die reg het om met 'n Regspraktisyn van sy keuse te konsulteer en indien hy dit nie kan bekostig nie hy wel aansoek kan doen vir die aanstelling van 'n Regspraktisyn op Staatskostes. Die beskuldigde het sy vrye keuse uitgeoefen en dienooreenkomstig sy seun tans 'n prokureur geskakel in my teenwoordigheid. Die Ds. het homself soos 'n krimineel gedra. Hy het op 'n stadium 'n brief vir my gegooi soveel so dat ek aan hom gesê het dat ek nie 'n dier is nie vir wie hy goed kan gooi nie. Hy het vir my en Insp. Du Preez beskuldig dat dit ons skuld is en dat daar tweespalk in die dorp is. Ek het aan hom verduidelik dat ek slegs my werk doen en dat ek verantwoording doen aan hoër gesag. Voorts moet ek verklaar dat die ds. reeds 'n verdagte is in 'n saak van Crimen Injuria waar die klaer obsene briewe ontvang het. (Sien A53 MR 35/02/96). Dit is weereens 'n onomstootlike feit dat daar slegs een persoon verantwoordelik is vir die skeuring in die dorp Vierfontein. Die ds. is op 'n menswaardige wyse behandel en ek het hom mondelings gewaarsku om op 1996-07-16 om 09:00 die hofverrigtinge te Vierfontein by te woon. Op 1996-07-16 het ek die beskuldigde ds. L.L.E. de Lange

gearresteer op klagtes van diefstal en bedrog. Insp. A.C. du Preez was die heeltyd tydens die ondersoek teenwoordig behalwe te Volksrust. My beskeie submissie is dat die beskuldigde Mnr L.L.E. de Lange onregmatig opgetree het om die items genoem in A 38 te verkoop het sonder die toestemming van die Raad van Trustees waar hy in 'n vertrouenswaardige posisie gestaan het teenoor die inwoners van die Vierfontein-Noord Deeltitel en dat hy hierdie situasie uitgebuit het en sodoende sy swaer Mnr N.J. Vercuiel bevoordeel het om die items teen 'n belaglike bedrag aan te koop. Hierdie saak is bo redelike twyfel DIEFSTAL omrede die items wederegtelik en opsetlik verwyder is om homself en of 'n lid van sy familie te bevoordeel ten spyte daarvan dat die eiendom nie aan hom behoort het nie maar wel aan die Vierfontein Bestuurskomitee."

**<u>DIE GETUIENIS VAN DIE TWEEDE VERWEERDER</u>**

[29] In kruisondervraging sê Inspekteur Smith onder meer, gevra wat hy doen as hy die ondersoek voltooi het: "Ek oordeel nie, ek laat die Prokureur-generaal besluit". Toe hy gevra is of hy in sy gemoed besluit of die persoon skuldig is sê hy: "Ons moet objektief oordeel". Hy sê wel 'n bietjie later dat hy as

ondersoekbeampte die gevolgtrekking maak of hier 'n *prima facie* saak is of nie, hoewel hy nie daardie woorde gebruik nie.

[30] Wat betref Dr De Villiers sê hy dat na 10 Julie 1996 hy nooit weer teruggegaan het na De Villiers nie. Smith se houding was dat dr De Villiers daardie dag aangedui het dat hy nie 'n verklaring wil maak nie en selfs nadat die Prokureur-generaal die opdrag gegee het dat 'n verklaring by De Villiers gekry moet word het hy nie teruggegaan om dit te doen nie.

[31] Die verloop van die ondersoek word aan Smith gestel naamlik dat die eerste stap was op 24 Junie 1996 waar Van der Merwe 'n verklaring maak. Dit het gegaan oor die eiser se seun se verwydering van die stofies, iets wat 5 tot 6 maande vroeër gebeur het. Dit is aan hom gestel dat Van der Merwe gevoel het hy is aanspreeklik gehou en na aanleiding daarvan was daar toe 'n ondersoek gewees. (Dit is belangrik om hier daarop te let dat die kwessie van die stofies nie deel gevorm het van die aanklag wat uiteindelik

teen mnr De Lange gelê is nie.)

[32] Die volgende stap was Van Wyk se verklaring op 1 Julie 1996. Uit die getuienis blyk dat Van Wyk, wat later voorsitter van die Vierfontein Ontwikkelingsgroep Bestuurskomitee geword het, eintlik die persoon was wat die vervolging gedryf het. Die tweede verweerder het getuig dat Van Wyk hom voortdurend gebel het, ook in die nag, en navraag gedoen het oor hoe die ondersoek vorder. Wat betref die items wat Vercueil verwyder het, word dit aan tweede verweerder gestel dat dit hier iets betref het wat al op 4 Julie 1994 gebeur het, maar tog word op 29 Januarie 1996 daarna verwys. Smith antwoord dat hy nie oplet na die datums nie en nie gemerk het dat daar iets verkeerd is nie. Later erken hy, “ek sien iets is fout”. Dit word aan hom gestel dat Pieterse en Schoeman (wat ook verklarings gemaak het dat eiser nie toestemming gehad het om die items te verkoop nie) eers later daar kom woon het waarop hy antwoord: “Dit kan wees.” Hy antwoord ook dat hy merk dat daar fout moet wees ten opsigte van die kwitansies, en dit blyk dat ‘n

betaling gemaak moes gewees het.

[33] Wat betref die notule van 27 April 1992 sê hy dat dit vir hom, toe hy sy ondersoek begin het, half onmoontlik sou wees om daardie notule in die dorpskantoor te kry. Hy sê die notule van 27 April 1992 sou sy houding verander het en dan sou hy nie die eiser aangekla het nie. Net 'n rukkie later sê hy in kruisondervraging: "Ek voel nie hierdie notule strook met wat almal gesê het nie." Verder sê hy: "Dit hang nie van my af of die saak voortgaan of nie dit hang van baie rolspelers af of die saak voortgaan of nie".

[34] Dit word aan hom gestel dat Van der Linde, Van den Heever en Nothling wat verklarings gemaak het A35, A36 en A37 by die vergadering op 27 April 1992 teenwoordig was, en tog sê hulle dat daar geen sodanige besluit was op vergaderings wat hulle bygewoon het nie. Hierop sê Smith dat dit vir hom snaaks was en dat daar iewerste 'n groot fout was. Later word dit aan hom gestel met verwysing na sy verklaring van 1 Augustus 1996 dat 'n ondersoekbeampte nie moet probeer

om ‘n besluit om te vervolg te bewerkstellig nie waarop hy sê “’n ondersoekbeampte het glad nie ‘n invloed op wat die Prokureur-generaal besluit nie”.

[35] Met verwysing na sy eie verklaring, gedateer 1 Augustus 1996 word dit aan hom gestel dat dit ‘n betoog was. Smith sê hy het die feite weergegee. Dit word aan hom gestel dat hy gelade woorde gebruik het bv. soos “betrap”, en “ruiterlik” en derglike. Wat betref die “ruiterlike erkenning” oor die artikel erken hy dat die eiser se naam nie eers in die berig waarop hy sy bewering grond, verskyn nie.

[36] Smith sê dat hy eendag by die dorpskantoor was maar die algemene atmosfeer was nie baie wonderlik nie. Toe hy verder daaroor gevra word sê hy dat die inkomste en uitgawe state nie die betaling getoon het nie. Die feit is egter dat hy nooit ‘n deposito boek gekry het om te kyk of die betaling gemaak is nie. (Dit is ook natuurlik ‘n feit dat die eiser self nie daardie deposito boek beskikbaar gestel het of verduidelik het hoe die deposito plaasgevind het nie. Die

vraag is in hoe ‘n mate die eiser dit moes gedoen het en in hoe verre die eiser geweet het dat dit ‘n probleem is wat die Prokureur-generaal ervaar want dit blyk uit die brief waarop die Prokureur-generaal besluit om te vervolg dat daar onduidelikheid was oor die verkoping).

[37] Met betrekking tot die resolusie van 4 April 1994 betreffende stoompotte word dit aan hom gestel dat hy sê dat die eiser hierdie resolusie oortree het ‘n jaar voordat dit gemaak is. Smith antwoord dat hy dink hierdie basis was ter bevestiging van ‘n bestaande praktyk. Hy sê die latere notules toon nie ‘n basis vir enige verandering nie. Hy sê met verwysing na die beleid dat hy ander notules nagegaan het en dit toon dat die verkoopprys helfte van die oorspronklike prys moet wees. Later word dit aan hom gestel dat dit nie in die notules is nie en dan sê hy, hy weet nie. Met verwysing na mnr Van der Merwe se polisieverklaring erken hy dat Van der Merwe nie sê dat daar nie ‘n beginselbesluit was nie. Met verwysing na die feit dat hy sê dat niemand weet van ‘n beginselbesluit nie sê hy dat hy nie moes gesê het “alle” persone nie. Dit word

aan hom gestel dat dit is ‘n geval waar hy oorbeklemtoon maar hy ontken dit.

[38] Hy word gevra wat versekering van die geboue te doen het met hierdie klagtes en hy gee daarop nie ‘n sinvolle antwoord nie.

[39] Met verwysing na waarom hy sê dat die dominee hom soos ‘n krimineel gedra het sê hy dit was die hele ondersoek wat hy weergee. Met verwysing na die “onomstootlike feit”, waarna hy in sy verklaring verwys betreffende die skeuring in die Vierfontein gemeenskap, sê hy dat dit nie negatiewe kommentaar is nie.

[40] Wat die *crimen iniuria* klagte teen eiser betref waarvan die tweede verweerder ook in sy verklaring melding maak erken hy dat hy nie genoem het dat proefhandtekeninge van die hele dorp bekom is nie.

[41] Wat betref Dr. de Villiers, sê hy dat hy inderdaad nie ‘n

verdere verklaring probeer kry het nie, maar volstaan het met wat hy gedoen het. Hy het eenvoudig aanvaar dat dr De Villiers nie ‘n verdere verklaring wou maak nie.

**DU PREEZ (DERDE VERWEERDER)**

[42] Du Preez sê oor De Villiers:

> “Ek onthou nie of hy spesifiek gesê het hy gaan nie ‘n verklaring aflê nie.”

Du Preez kan ook baie min onthou en weet nie wat alles in die dossier was op daardie stadium nie.

Oor die kwessie van arrestasie sê Du Preez dat hy nie weet of dit nodig was om die eiser te arresteer nie.

[43] Du Preez was ‘n swak getuie wat swakker geword het hoe meer hy gekruisondervra is. Sy geheue het ook swakker en swakker geword. Sy getuienis is vrywel waardeloos. Hy het òf net tyd verkwis deur oral saam met die ondersoekbeampte te gaan (konstabel Smith), òf hy is oneerlik.

**DIE REGSBEGINSELS BY KWAADWILLIGE VERVOLGING**

[44] Ten einde met 'n aksie op grond van kwaadwillige vervolging te kan slaag, word die volgende vereis:

1. Die verweerder moet die vervolging aangestig het.

2. Die verweerder moet sonder redelike gronde ("reasonable and probable cause") opgetree het.

3. Die verweerder moet *animo iniuriandi* (met "malice") gehandel het.

4. Die vervolging moet misluk het.

Sien Neethling Potgieter en Visser, **Deliktereg** Vierde Uitgawe bladsy 377 bo-aan. Die geleerde skrywers sê dat die vraag of daar redelike gronde bestaan aldan nie, kan slegs met verwysing na die feite van elke besondere geval geantwoord word. Die subjektiewe geloof van die verweerder in die skuld van die eiser, is 'n noodsaaklike

element vir die bestaan van redelike gronde. (Bladsy 378).

**REGSPRAAK**

[45] In **HOOPER v MOORE AND VARTY 1921 NPD 96**

sê die hof op bladsy 108:

> "But, of course, it is not enough that he was imprudent and indiscreet. He must have been actuated by some motive which cannot be regarded as a proper one for the institution of legal proceedings which have proved to be quite unwarranted, and resulting in damage, as for the present we are assuming that they did to the person against whom they were instituted."

[46] Die feite in **Hooper** se saak is soortgelyk aan die huidige, waar Van Wyk baie gedetermineerd was om die aksie teen die eiser te voer en hy het voortdurend daaroor navrae gerig en die tweede verweerder eintlik verpes, ook in die nag, om navraag te doen oor die vordering met die ondersoek. Die vraag is egter of die tweede verweerder sodanig opgetree het, dat gesê kan word hy die aksie inderdaad ingestel het.

Mens weet dat daar nog verdere persone was wat by die besluitnemingsproses betrokke was en in besonder die Prokureur-generaal. Die vraag is of die tweede verweerder die feite sodanig verdraai het of leuens vertel het dat dit die Prokureur-generaal se besluit dermate beïnvloed het dat gesê kan word dat as dit nie was vir die optrede van die tweede verweerder, die Prokureur-generaal desnieteenstaande sou besluit het om te vervolg. Dit is duidelik dat die tweede verweerder in hierdie saak nie die reg gehad het om te besluit of die eiser vervolg sou word nie. Hy het as polisiebeampte opgetree en 'n verslag in groot besonderhede opgestel, maar of dit werklik gelei het tot die vervolging is 'n ander vraag.

[47] In **LEDERMAN v MOHARAL INVESTMENTS (PTY) LTD 1969 (1) SA 190 (A) op 198** was daar vals inligting voor die polisie geplaas, naamlik kunsmatig verhoogde pryse. In daardie geval het die Hof *a quo* nie gevind dat die persoon wat vals inligting gegee het die vervolging aangewakker het nie. Die Hof het bevind dat hy 'n onbetroubare getuie was

en dat sy gedrag aanleiding gegee het tot ernstige suspisie, maar nietemin was dit nie genoeg om op 'n oorwig van waarskynlikhede aan te dui dat hy aanspreeklik was op die eis nie. Weereens is die feite soortgelyk aan hierdie. Inspekteur Smith het verkeerde feite voor die Prokureur-generaal geplaas. Die vraag bly egter steeds of daardie feite verantwoordelik was vir die instel van die vervolging en of die plaas van daardie feite sodanig was dat dit aangemerk kan word as 'n kwaadwillige vervolging.

[48] In **<u>PRINSLOO AND ANOTHER V NEWMAN</u> 1975 (1) SA 481 (A)** het die verhoorhof ses gronde gevind waarom die polisiebeampte aanspreeklik gehou moes word: (i) Die polisiebeampte het die beweerde klagte ondersoek sonder dat enigiemand 'n klagte gelê het. (ii) Hy het 'n vertroulike opinie op 'n onbehoorlike wyse verkry van 'n werknemer van die betrokke maatskappy. (iii) Hy het "as klaer" die klagte gelê. (iv) Hoewel hy geweet het die klagtes is dun, het hy arrestasielasbriewe uitgeskryf. (v) Hy het onreëlmatig opgetree toe hy eiser om 'n afskrif van sy dienskontrak

versoek het. (vi) Toe hy die saak met die aanklaers bespreek het, het hy sy mening oor die saak gelug. Die Appèlhof vind dat al daardie gronde nie op kwaadwilligheid dui nie.

[49] Dit is belangrik om daarop te let dat dit nie die plig van die aanklaer is om vas te stel of daar 'n verweer is nie, maar dit is die vraag of daar redelike vooruitsigte is vir 'n vervolging: (**<u>VAN DER MERWE v STRYDOM</u> 1967 (3) SA 460 (A) op 468 G – H)**. Waar slegs bewys word dat die verweerder kennis gehad het dat eiser voorgee dat hy 'n goeie verweer het, kan die verweerder nogtans redelikerwys besluit dat die eiser 'n misdryf gepleeg het, omdat die verweerder byvoorbeeld oortuig is dat die verweer nie goed is nie of selfs omdat hy onseker is daaroor (**468 C – G)**. Dan kan dit juis die rede wees om die vervolging in te stel, naamlik om sekerheid te verleng.

[50] In **<u>Van der Merwe</u>** se saak het geblyk dat die verweerder se verduideliking op oneerlikheid dui (*loc cit*). Dus het die

verhoorhof bevind dat nie bewys is dat die verweerder nie redelikerwys kon besluit dat eiser waarskynlik diefstal gepleeg het. Dus: Verweerder kon redelikerwys besluit dat eiser diefstal gepleeg het. Sien **LANDMAN AND OTHERS v MINISTER OF POLICE 1975 (2) SA 155 (OK) op 156 A – B.**

[51] Kritiek wat teen die tweede verweerder geopper is, is dat hy nie 'n verklaring van dr De Villiers bekom het nie. Soos wat mnr Van Rhyn betoog het, was die weergawe van dr De Villiers reeds van die begin af voor die polisie en die vervolgingsgesag. Die Prokureur-generaal was bewus daarvan dat daar sekere mense was wat gemeen het dat die eiser wel rede gehad het om die goedere te verkoop en dit is 'n kwessie van interpretasie van die notule van 27 April 1992. Die Prokureur-generaal se interpretasie van daardie notule was dat dit nie toestemming verleen vir verkoop nie. 'n Ander interpretasie sou wees dié van die eiser en van De Villiers dat dit wel sodanige toestemming daargestel het. Die Strafhof het moontlik ook daardie siening ingeneem in die ontslag van die eiser by die vervolging wat in die streekhof in

Kroonstad ingestel was.

[52] Die belangrikste verkeerde feite wat moontlik deur die tweede verweerder voor die vervolgingsowerheid die Prokureur-generaal gestel is, was die onrealistiese waardes wat gegee is aan die items en die feit of daar bewyse was dat gelde ontvang is. Die boeke is maar ietwat deurmekaar en ‘n mens sou van die eiser verwag het dat hy mooi sou verduidelik het hoe daardie gelde betaal is. Indien die eiser volledig verduidelik het hoe die betaling en die inbetaling in die boeke weergegee is, sou die saak moontlik ‘n ander wending geneem het. Me de Lange, eiser se vrou, wat die sekretaresse was wat die inskrywings in die boeke gedoen het, het verduidelik hoe die kontant depositos gedoen is, met verwysing na die depositostrokie. Sy het ook verduidelik dat sy die R2 000,00 onder ‘n verkeerde hofie (“Huur”) ingevul het, vandaar dat dit nie die verkoping gestaaf het nie. Sonder haar toeligting, is dit moeilik om die boeke te verstaan, veral omdat die R2 000,00 onder huurinkomste getoon word en die bankdeposito ‘n gekombineerde deposito

is van Vercueil se geld en ander kontant. Mens kan kwalik sê dat die Prokureur-generaal (Me Landman) en die tweede verweerder opsetlik die deposito misgekyk het – dit was moeilik na te speur.

**<u>SLOT</u>**

[53] Die bewoording van paragraaf 6.10 van die notule van 27 April 1992 het tot verskeie interpretasies gelei. So sê Advokaat Landman byvoorbeeld in haar brief gedateer 6 Oktober 1997 onder meer:

> "Wat punt 2 van die staatsaanklaer se vertoë betref, stem ek saam met die staatsaanklaer dat die notule aantoon dat daar 'n besluit geneem is om die items op tender uit te sit. Dit het egter nog geensins aan De Lange enige bevoegdheid of mag verleen om op enige wyse daarmee te handel nie. Die eienaarskap van die items ter sprake het gesetel in die NG Kerk Vierfontein. 'n Verdere aspek is dat hierdie artikels vir belaglike pryse verkoop is."

[54] Vir my is dit duidelik, soos die eiser ook getuig het, dat daar 'n voorstel deur mnr Verster was om die goed op tender uit te sit, maar dat die besluit was dat die Wes-kampong se goed (waaroor dit hier gaan) verkoop word teen die beste pryse verkrygbaar. As die Prokureur-generaal paragraaf 6.10 ook so geïnterpreteer het, sou hier waarskynlik geen vervolging ingestel gewees het nie.

[55] Die persone wat hierdie vervolging gedruk het, was die bestuurskomitee (negende verweerder) onder leiding van Van Wyk (sewende verweerder) wat dan ook druk geplaas het op die polisie, die aanklaer en spesifiek die Prokureur-generaal. Die Prokureur-generaal het besef dat hierdie 'n kontensieuse aangeleentheid is en in sodanige geval neem die Prokureur-generaal dikwels die houding in dat die Hof moet besluit. Mens moet aanvaar dat die Prokureur-generaal in goeie trou opgetree het. Mens moet aanvaar dat hier 'n vervolging ingestel was omdat die vervolgingsowerhede gemeen het dat dit wel geregverdig is.

[56] Twee ander faktore wat 'n rol gespeel het in die Prokureur-generaal se besluit om te vervolg, was:

(i) die feit dat die geld nie in die bankrekening inbetaal is nie (met verwysing na A51 par 7);

(ii) die feit dat die goed teen "belaglike" pryse verkoop is.

In hierdie verband meld me Tredoux in haar brief, reeds geskryf op 20 Augustus 1996 (Die Prokureur-generaal se besluit om te vervolg is gedateer 14 April 1997):

> "Beide bedrae deur meneer Vercuil betaal is ontvang en gedeponeer in die rekening van die N.G. Kerk Bestuurskomitee Vierfontein, welke inbetaling getoon word in die bankboek van die N.G. Kerk Bestuurskomitee en deur meneer Vercuil bevestig word."

en

> "Alhoewel die saakdossier dus die waarde van die gesteelde eiendom in totaal aantoon as ±R40 000 is dit bereken as vervangingswaarde en weerspieël dit nie die toestand en verkoopwaarde van die vermiste items nie."

Hierdie brief was tot die Prokureur-generaal se beskikking

toe besluit is om eiser te vervolg. Die skuld vir die Prokureur-generaal se uitleg van paragraaf 6.10 van die notule en die feit dat die Prokureur-generaal mev Tredoux se brief skynbaar geïgnoreer het, kan kwalik aan die deur van die ondersoekbeampte gelê word.

[57] Smith was oorywerig, hy het hom op sleeptou laat neem deur Van Wyk en andere. Smith wou graag 'n skuldigbevinding hê. Maar dit is seker die ambisie van elke polisiebeampte dat sy ondersoekwerk op 'n suksesvolle vervolging uitloop. Hy het wel sekere feite verkeerd weergegee in sy verklaring, maar die Prokureur-generaal kon sonder veel moeite die korrekte feite bekom het, soos wat in me Tredoux se brief uiteengesit is, wat ook in die dossier was.

[58] Mens moet hierdie saak beoordeel volgens sy feite, naamlik dat 'n vervolging ingestel is in opdrag van die Prokureur-generaal. Om die eerste, tweede en derde verweerders aanspreeklik te kan hou vir kwaadwillige vervolging moet

mens feitelike en juridiese kousaliteit bestaan.

[59] Selfs as mens feitelike kousaliteit bevind in die sin dat tweede verweerder aktief betrokke was by die instel van die vervolging (**WATERHOUSE V SHIELDS 1924 CPD 155 op 160)** (tot 'n groter mate as wat van hom as ondersoekbeampte vereis word) bly die vraag na juridiese kousaliteit. Daar moet bepaal word of daar 'n juridiese band bestaan tussen die handelinge van die tweede verweerder en die nadeel of skade wat uit die handelinge voortgevloei het. Dit is 'n juridiese ondersoek waarby beleidsoorwegings 'n rol speel, dis 'n waarde-oordeel. Daar moet 'n redelike verband bestaan tussen dit wat intree en die handeling wat dit veroorsaak het (**HEYNS V VENTER 2004 (3) SA 200 (T) par 10**).

[60] Ek kan nie sê dat 'n vervolging nie geregverdig sou wees as die tweede verweerder nie opgetree het soos wat hy opgetree het nie. Daar het baie faktore 'n rol gespeel. Sy optrede het moontlik ook 'n rol gespeel, maar kyk 'n mens na

juridiese kousaliteit soos in **<u>INTERNATIONAL SHIPPING CO (PTY) LTD V BENTLEY</u> 1990 (1) SA 680 (A) op 700 E – I** deur Hoofregter Corbett verduidelik, is dit na my mening glad nie deur die eiser bewys dat hier juridiese kousaliteit was nie. Die tweede verweerder het nie die klagte gelê nie, en hy het ook nie besluit om te vervolg nie. Daar is na my mening nie 'n redelike verband tussen die handelinge van die tweede verweerder en die gevolge wat vir eiser ingetree het nie.

[61] Eiser se eis word met koste afgewys.

**A. KRUGER, R**

| | |
|---|---|
| Namens Eiser: | Adv. F.W.A. Danzfuss SC |
| In opdrag van: | |
| Schoeman Maree Ingelyf | |
| | BLOEMFONTEIN |
| | |
| Namens Verweerders 1, 2, 3: | Adv. A.J.R. van Rhyn SC |
| In opdrag van: | |
| | Die Staatsprokureur |

BLOEMFONTEIN

Namens Verweerders 4, 5, 6: Adv. C. Ploos van Amstel SC
In opdrag van:
Bezuidenhouts & Milton Earle
BLOEMFONTEIN

Namens 7de Verweerder: Adv. C.J. Horn en op 12 Januarie 2004 Adv. C. Reinders
In opdrag van:
Symington & De Kok
BLOEMFONTEIN

Namens 8ste Verweerder: Geen.

Namens 9de Verweerder: Adv. S.J. Reinders
In opdrag van:
Claude Reid Ingelyf
BLOEMFONTEIN

/S Pieterse